# Les 16 DIE HERE ONTFERM HOM OOR ONS, HY HET VIR ONS GESTERF

## 1. Jesus het vir ons gesterf

Vandag gaan ons kyk hóé die Here vir ons gesterf het. Om te sterf beteken om dood te gaan. Die Bybel leer ons dat Jesus vir ons doodgegaan het. Die predikant Paulus sê dit só: *“[8]Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.”* Romeine 5. God bewys Sy liefde vir ons deur Jesus vir ons te laat doodgaan. Klink dit nie vir julle baie snaaks nie? Hoe kan dit ons help dat Jesus vir ons doodgaan? Hoe kan God ons só liefhê dat Hy Jesus vir ons laat doodgaan? Dit is waarna ons nou gaan kyk! Op watter manier het Jesus doodgegaan vir ons sodat Hy vir ons help omdat Hy vir ons doodgegaan het?

## 2. Jesus se dood is ’n offer

Die manier waarop Jesus doodgegaan het, was nie maar op die gewone manier waarop alle mense doodgaan nie. Jesus het nie doodgegaan omdat Hy siek was nie. Hy was baie gesond. Jesus het ook nie doodgegaan omdat Hy ’n ongeluk gehad het, soos mense doodgaan as hulle in ’n motorongeluk is nie.

Die manier waarop Jesus doodgegaan het, het in die Bybel ’n baie spesiale naam. Kyk hoe word dit in die boek Hebreërs gesê: *“Hiervoor het Christus immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer.”* Heb.9. Jesus het nie sommer maar doodgegaan nie. Jesus het Homself as óffer geoffer. Dít is hoe Jesus doodgegaan het. Jesus het gesterf op só ’n manier dat Sy dood ’n offer is.

‘Jesus het vir ons gesterf’, beteken Jesus is op só ’n spesiale manier dood dat Hy vir ons ’n offer is.

## 3. ’n Offer is ’n betaling vir ’n boete

’n Mens betaal vir wat jy wil hê, met geld. As jy graag ’n brood wil hê, dan betaal jy met geld vir die brood. As jy graag koeldrank wil hê, dan betaal jy met geld vir die koeldrank. Dit is hoe ons baie dinge kan kry. Ons betaal daarvoor.

Maar daar is ’n ander manier van betaal waarvan mens niks hou nie. Wanneer jou pa of ma te vinnig met die motor ry, dan keer ’n verkeerskonstabel hulle voor. Hy stap met so boekie na die motor toe en dan gee hy vir hulle ’n kaartjie.

Hierdie kaartjie wat hulle kry is ’n boetekaartjie. Dit is ’n skuldbewys vir wat hulle verkeerd gedoen het. Deur verkeerd te ry, maak jou ouers hulleself skuldig. Hulle oortreding maak hulle skuldig. Dit is hoekom hulle dan ’n kaartjie kry. Hierdie kaartjie is ’n boetekaartjie. Op die kaartjie staan hulle naam en wat hulle verkeerd gedoen het. Op hierdie kaartjie staan waaraan hulle skuldig is. Op die kaartjie staan hoeveel

hulle moet betaal vir wat hulle verkeerd gedoen het, en waar hulle dit moet gaan betaal.

Hierdie kaartjie is die kaartjie wat wys hulle is beboet. ‘Beboet’ beteken hulle moet betaal vir wat hulle verkeerd gedoen het. ‘Beboet’ beteken jy moet jou skuld betaal vir die verkeerde ding wat jy gedoen het.

Het julle al ooit iemand gesien wat gelukkig is om ’n boete te betaal? Hoekom is mense so kwaad en ongelukkig as hulle ’n boete moet betaal? Want ’n boete is ’n betaling waarvoor jy niks kry vir die geld wat jy betaal nie. Jy betaal nie om iets te kry nie. Jy betaal maar net vir die skuld. Die skuld wat jy gemaak het deur te vinnig te ry.

Wat noem ’n mens die betaling vir ’n boete? Hierdie betaling vir die skuld wat jy gemaak het deur dit wat jy verkeerd gedoen het? Hierdie betaling is ’n offer.

Die betaling vir die boete wat jy gekry het vir jou skuld wat jy met jou verkeerde optrede gemaak het, is ’n offer. ’n Offer is ’n boetebetaling. ’n Offer is ’n skuldbetaling.

**4. Jesus se dood is ’n betaling van sondeskuld**

Kyk wat sê die Bybel op watter manier het Jesus doodgegaan: *“Hy het immers eens en vir altyd ’n offer vir die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het.”* (Heb.7:27) Jesus het ’n offer vir sondes gebring. ’n Offer vir sondes is ’n betaling van die skuld en die boete vir sondes.

Sondes is nie oortredings van mense se wette soos met verkeerskaartjies nie. Wie maak die wet dat jy moet stadig ry? Dit is die regering. Teenoor wie is jy skuldig as jy nie na die regering se wette luister nie? Dit is teenoor die mense wat die wette gemaak het; ons noem hulle die regering. Wie gee die boete as jy te vinnig ry? Dit is die verkeerspolisie. Aan wie moet jy hierdie skuld wat jy gemaak het, betaal? Jy moet die regering betaal omdat jy jou aan ’n oortreding van húlle wette skuldig gemaak het.

Jesus se dood is die betaling van sondeskuld. Hierdie is heeltemal ’n ander tipe skuld as die skuld wat mense maak as hulle mense se wette oortree. ’n Mens doen sonde wanneer jy die Hére se wet oortree. Hierdie wet het die Here vir ons in die Tien Gebooie gegee. Sonde is om die Hére se wette te oortree, nie mense se wette nie.

Sondeskuld is die skuld wat jy maak omdat jy die Here se wet oortree. Sondeskuld is die skuld wat jy aan die Here moet betaal omdat jy Sy wette oortree het.

Die Here Jesus se dood is ’n offer. Dit is die betaling vir die oortredings van die Here se wet. Dit is die betaling van die skuld omdat die Here se wet oortree is. Dit is die betaling van die Here se boete omdat Sy wet oortree is.

Jesus wat sterf is nie sommer net Jesus wat doodgaan nie. Jesus sterf op só spesiale manier dat Hy die skuld veroorsaak deur sondes, betaal. Daarom is Sy dood ’n offer.

**5. Jesus se betaling is eenkeer vir altyd**

Hoeveel keer moet jy ’n boete betaal? Net één keer! As jy ’n boete betaal het, kan jy nie weer skuldig wees vir wat jy verkeerd gedoen het nie. As jy die boete betaal, is die skuld vir altyd klaar en verby.

Kyk hoe het Jesus vir sondeskuld betaal!

*“10Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd.”* Heb.10

Jesus het Sy liggaam as offer gebring, eens en vir altyd. Eenkeer, vir álle sondeskuld, vir áltyd klaar betaal. Dit is hoe goed die offer is wat Jesus vir sondes gee. Hy gee Sy eie lewe as offer vir sondeskuld. Jesus se lewe is só ’n goeie offer dat met hierdie offer, Hy alle sondes se skuld eenkeer, vir áltyd, klaar betaal.

Wanneer Jesus vir sondes sterf, is hierdie offer wat Jesus vir sondes gee, die betaling wat álle sondes se skuld, en álle boetes vir sondes, vir áltyd wegvat. Nadat Jesus betaal het, is daar nóóit weer sondeskuld oor nie.

Jesus betaal eenkeer vir altyd. Dit is hoekom Jesus net eenkeer vir ons sondes gesterf het. Die offer wat Hy gee vir ons sondes is só goed, dat dit álle sondeskuld en álle boetes op ons sondes, vir áltyd klaar betaal.

Nadat Jesus Sy lewe as betaling vir sondeskuld gegee het, is daar nooit weer enige skuld wat betaal moet word nie. Hierdie skuld is vir áltyd klaar betaal. Dit bestaan nie meer nie. Dit is weg.

Dit is die Here self wat vir ons wys hoe goed Jesus se offer is; hoe goed Sy betaling van sondeskuld is: *“deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd.”* Heb.10

**6. Opsomming**

Jesus het vir ons gesterf. Hy het vir ons doodgegaan. Hy het Sy lewe vir ons as offer gegee. Sy dood is ’n offer wat álle skuld betaal. Alle sondeskuld wat mense maak

wat die wet van die Here oortree, word vir áltyd, één keer betaal en vir áltyd, kláár betaal deur Jesus wat vir sondes sterf.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

__________________________________Handtekening: ouer of voog